GOD SE WIL VIR MY LEWE:

Bespreek jou plek vir Woensdag, **31 Januarie** by die kerkkantoor.
Besprekings vind maandeliks plaas**.**

Plek: De Oude Caab Gastehuis **Tye:** 11:00 tot 12:30 en 18:30 tot 20:00

DATUMS VAN REEKS:

31 Januarie: Hoor God se stem alleen en saam
28 Februarie: Onderskei tussen waarheid en valsheid
22 Maart: Hoor God se stem in boeke
25 April: Hoor God se stem in die natuur
30 Mei: Hoor God se stem in ander mense
20 Junie: Onderskei die tekens van die tye
25 Julie: Leer ken my roeping
29 Augustus: Leer ken God se teenwoordigheid
26 September: Leer ken my identiteit - onthou wie ek is
31 Oktober: Ken die tye - wanneer om te doen, te wag en te lei
28 November: Ontdek my verborge heelheid

KERKKANTOOR BESONDERHEDE

Tel: 021 975 637
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za
Facebook: Durbanville Gemeente
Instagram: @durbanvillegemeente
Twitter: @Dgemeente

Offergawes met SnapScan

SnapScan

DURBANVILLE GEMEENTE BANKBESONDERHEDE
ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente, Durbanville.

Indien jy enige bydrae elektronies inbetaal, gebruik jou noemnaam en van as verwysing asook waarvoor die inbetaling is. Baie dankie!

blitSIG

HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

TYD	WAAR	VANDAG 28 JANUARIE 2018	VOLGENDE WEEK 4 FEBRUARIE 2018
		Teks: Kol 3:12-17 **Verbind aan mekaar**	***Teks: Kol 3:22 - 4:6*** **Verbind aan die wêreld**
09:00	**Klassieke Diens (Kerk)**	Ds. André van Wyk (afskeidspreek) Nagmaal	Ds. André Agenbag Doop
09:00	**Familiediens (Sentrum) Jeuggroepe Voorskool tot Gr. 5**	*Gesamentlike diens*	Dr. Tinus van Zyl Doop
18:00	**Aanddiens (Kerk) Jeuggroepe Gr. 6 – 11**	Dr. Tinus van Zyl	Jana Dickason

Hierdie is 'n aanddiens vir ALMAL!
Kom deel in die "praise & worship", relevante boodskappe en gesellige saamkuier na die diens. Elke Sondag om 18:00 in die kerkgebou.

Alive
Breathe · Awake · Thrive

VOORBIDDING

Weet jy van iemand wat siek of in die hospitaal is? Laat weet asb. vir Christa by die kerkkantoor 021 975 6370 X 103 / admin@durbanvillegemeente.co.za, sodat ons ook vir hulle kan bid / besoek.

Ons dink in ons gebede aan die volgende lidmate wat siek is of behandeling ontvang:

Erma Burger
Carl Cronjé
Pa van Heinrich en Sonja Punt
Ian (13jr) kleinseun van Alida Thorpe
Janette Wassung

BAIE DANKIE AAN ONS VRYWILLIGERS VANDAG!

Rudi van Rheede, Boytjie van Breda, Andrew Kok en span, Celeste Roux, Nelia van Niekerk, Suzie Groenewald, Dawie en Marie Theron, Elize en Gerrit Visser en die Nagmaalspan.

OFFERGAWES

Vandag se Spesiale offergawe gaan aan die Richard Black Fonds.
Hierdie fonds is deel van die Omgeediens Barmhartigheidsbediening van ons gemeente en word aangewend vir nood binne ons gemeente bv materiële nood of fondse vir spesialisdienste soos benodig.

JEUGBEDIENING BELYDENIS KAMP

Die Belydenisgroep van 2018 vertrek 2 Februarie op hul belydenis kamp te Hermanus. Die kamp beloop R350 per kind. Daar is ook van ons Kinderhuis kinders wat nie hierdie fooie kan bekostig nie, as jy voel jy wil 'n kind borg kontak ons asseblief. Indien jy voel jy wil saam met ons kamp en kom help met kos of vervoer kontak ds. Jana Dickason: 082 614 1728. Ons waardeer elke borgskap en liefdesdaad!

ONS KORT HANDE

Die Jeugbediening benodig hande. Kom dien Saam deur 'n Jeuggroepleier of assistent te word. Ons benodig ook hande vir die voorbereiding van materiaal en koördinering. Kontak **vir ds. Jana Dickason** by **082 661 41728**

KERKRAAD

Kerkraadsvergadering:
13 Februarie 2018 by Huis Aristea. Baie dankie aan Huis Aristea wat die lokaal vir ons gratis beskikbaar stel. Groot waardering!

Nominasies Kerkraadslede:
Nominasies vir die kerkraad word tans ingewag. Indien u iemand wil nomineer, neem asseblief 'n nominasievorm by ons Inligtingstoonbank OF voor in die portale, voltooi dit en handig dit in by die kerkkantoor teen Donderdag, 8 Februarie.

OMGEEDIENS

Handgemaakte geskenke
'n Student van ons gemeente maak unieke kuns artikels as kreatiewe en bekostigbare geskenke. Sy maak op aanvraag en volgens spesifikasies van kliënte bv.skilderye, naaldwerk items, hout figure en tekeninge.
Skakel direk vir Nicolene by sel: 072 4665365,e-pos: nicolene.nix@gmail.com

BADISA KRAAIFONTEIN BEHOEFTE

Badisa benodig dringend skryfbehoeftes. Penne, potlode, skêr, prit, "flip files" ens. Enige donasies sal waardeer word. Kontak vir Suné Mienie 021 987 2940 of ssmit@badisatrio.org.za

Badisa Trio
omgee in aksie

'N SPESIALE BEHOEFTE VAN BADISA TRIO BELLVILLE

'n Xhosa seuntjie (8jr) is tans in 'n Kinderhuis in Khayelitsha vir beveiliging na mishandeling deur ouers. Badisa is in die proses om vervoerreëlings te tref om hom so spoedig moontlik terug te besorg by sy grootouers in die Oos Kaap, sodat hy kan terug gaan skool toe. Taxi koste beloop ± R800. Kontak asb. direk vir CARETHA RANDALL by Badisa Kantoor. Tel: 021 945 1064

Gedagte vir die week

Wees meelewend en goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam. Wees lief vir mekaar en vergewe mekaar

BEHOEFTE VAN DURBANVILLE KINDERHUIS

Ons benodig tans 'n vrywilliger om ons te help om weekliks vir 3 ure in die "charity shop" te werk." Charity shop" ure: Dinsdag – Vrydag 10h00 – 15h00. Saterdag 10h00 – 12h00. Indien enige persoon belangstel kan hulle vir Johanna Strauss by 021 975 6822 of epos by jstrauss@durbanvillekinderhuis.org.za kontak.

ELEKTRONIESE AFKONDIGINGS

In 'n poging om die gemeente se koolstofvoetspoor te verminder en koste te bespaar, is daar besluit om die afkondigings voorts op 'n Vrydag elektronies uit te stuur. Dit gee gemeentelede die geleentheid om hulle vooraf te vergewis van die tema van die preek, asook die belangrikste gebeure vir die week wat kom. Die gedrukte pamflet sal steeds Sondae beskikbaar wees vir diegene wat nie toegang tot e-pos het nie. Neem asb. slegs 'n pamflet as jy nie reeds die afkondigings ontvang het nie. Indien jy nie op die kerk se e-pos-databasis is nie, stuur gerus 'n e-pos na ontvangs@durbanvillegemeente.co.za of bel die kerkkantoor by (021 9756370). Gemeentelede se samewerking en ondersteuning in hierdie verband sal hoog op die prys gestel word.